# Hoërskool Marais Viljoen High School

18 Januarie 2019
Geagte Ouers / Voogde

**OMSENDSKRYWE 1 (2019)**

Baie welkom terug aan al ons ouers na afloop van die vakansie. Ons sien uit na ‘n jaar waarin die skool, met u ondersteuning en gebed, voort sal gaan om net die beste vir u kind te bied.

## 1. NUWE ONDERWYSERS

Aan die begin van die nuwe jaar het ons ook die voorreg om nuwe onderwysers welkom te heet, nl. mej. A. Dickenson, mej. C. Berriman en mnr. M. Rossouw.

Ons weet dat al hierdie nuwe personeellede baie gelukkig by ons sal wees.

## 2. MATRIEKS PRESTEER!

Ons is baie trots op die matrieks van 2018. Ons skool het ‘n 98% slaagsyfer behaal. 63,6% van ons matrieks het met volle vrystelling gematrikuleer, 32,2% met ‘n diploma en 4,1% met ‘n hoër sertifikaat. Na afloop van die hermerk sal ons die onderskeidings aan u deurgee.

Ons onderwysers verdien ook ‘n pluimpie vir hul harde werk en toegewydheid teenoor elke leerder wat aan hom / haar toevertrou is.

## 3.1. VRYWARINGS- / TOESTEMMINGSVORM

U kind het alreeds die bogenoemde vorm ontvang. Die vorms moet asseblief deur **alle** ouers voltooi word. Dit sal gebruik word vir die volgende:

i. Vervoer van u kind wanneer gebruik gemaak word van skoolvervoer. Dit sluit alle vervoer na sportbyeenkomste en ander uitstappies in.
ii. Die vrywaringsvorm sal ook geld vir kampe en toere wat u kind mag bywoon en onderneem.
iii. Toestemming om ‘n aktiwiteit te beoefen.

Neem asb. kennis dat geen leerder toegelaat sal word om bogenoemde mee te maak indien genoemde vorm nie deur u geteken en ingehandig is nie.

## 3.2. BOELIEBELEID EN DWELMBELEID

U kind het ook die bogenoemde vorms ontvang. U moet sorg dra van die inligting wat daarin vervat is. Die vorms moet asseblief ook geteken en sonder versuim teruggestuur word.

## 4. AFWESIGHEID

Indien ‘n leerder afwesig was, moet hy/sy onmiddellik nadat hy/sy terugkeer skool toe ‘n brief wat deur een van die ouers geskryf en geteken is, by die voogonderwyser inhandig.
Indien ‘n leerder tydens ‘n toets/ eksamen/ SBA afwesig is, moet ‘n mediese sertifikaat die dag wanneer hy/sy terugkom, ingehandig word. Indien nie, sal ‘n nul toegeken word.
Indien ‘n leerder afwesig is, is dit sy/haar eie verantwoordelikheid om die werk in te haal.

## 5. SKOOLGELD 2019

Ter wille van ons "nuwe" ouers wat nie die inligting ten opsigte van skoolgeld vir 2019 gekry het nie, verskaf ons weer die inligting.

Ons Algemene Begrotingsvergadering het op 6 November 2018 plaasgevind. Die Voorsitter van die finansiële komitee van die Beheerliggaam (BL), mnr. Jaques de Villiers, het namens die BL die begroting vir 2019 aan die ouers voorgelê.
Die skoolgeld vir 2019 is deur die ouers teenwoordig, aanvaar.

**Die totale skoolgeld (eerste betaling ingesluit) vir 2019 is vasgestel op R26 240.00**

**A. Skoolgeld met korting**

'n Korting (afslag op skoolgeld) is van toepassing indien u van een van die volgende twee opsies gebruik maak:

**Opsie 1 : Eenmalige betaling**

Indien u voor of op 28 Februarie 2019 betaal (kontant, tjek, EFT of kredietkaart):

| | |
|---|---|
| Totale skoolgeld in 2019 | R26 240 |
| Minus eerste betaling (betaalbaar voor of op 30 November 2018) | R 2 000 |
| Balans betaalbaar voor 28 Februarie 2019 | R24 240 |
| Minus korting | R 2 320 |
| TOTAAL | R21 920 |

**Opsie 2: Betaling deur middel van AEDO-debietorder**

| | |
|---|---|
| Totale skoolgeld in 2019 | R26 240 |
| Minus eerste betaling (betaalbaar voor of op 30 November 2018) | R 2 000 |
| | R24 240 |
| Minus korting | R 2 020 |
| Vaste debietorder per maand oor 11 maande Jan. – Nov. 2019 | R 2 020 |
| TOTAAL | R22 220 |

Neem asseblief kennis dat indien u debietorder as onbetaald terugkom, verbeur u die korting.

**Opsommend ten opsigte van korting:**

- Die bedrag van R21 920 is die bedrag verskuldig indien u 'n 100% betaling maak voor 28 Februarie 2019.

- U betaal R2 020 per maand oor 11 maande (dus 1 maand afslag) indien u gebruik maak van die AEDO-stelsel.
  AEDO is 'n elektroniese debietorderstelsel, u hoef geen vorms te voltooi nie. Al wat u moet doen, is om u debiet- of tjekkaart eenmalig by die skool te "swipe" waarna die bedrag maandeliks van u rekening op die datum van u keuse, gedebiteer sal word. **Dit moet gedoen word voor of op 26 Januarie 2019**. U kwalifiseer alleenlik vir afslag indien u die eerste betaling reeds betaal het.

L.W. Indien u gedurende laasjaar (2018) van die AEDO-stelsel gebruik gemaak het, moet u **weer** u kaart by die skool kom "swipe".

**B. Skoolgeld indien u nie van opsie 1 of 2 gebruik maak nie:**

'n Maandelikse bedrag van R2 020 oor **12 maande** is betaalbaar indien u nie gebruik maak van Opsie 1 of 2 nie. U kan betaal deur middel van elektroniese oorplasing, tjek, kontant, krediet- of debietkaart.

| | |
|---|---|
| Skoolgeld vir 2019 | R26 240 |
| Minus eerste betaling (betaalbaar voor of op 30 November 2017) | R 2 000 |
| | R24 240 |

**Bedrag betaalbaar oor 12 maande: 12 x R2 020 = R24 240**

**Elektroniese oorplasing bankbesonderhede:**
**ABSA Bank, Albertontak**
**Rekeningnr. : 210-510-990**
**Takkode : 631 – 142**
**Verwysing : Naam en van van leerder en rekeningnommer.**

**AANSOEK OM SUBSIDIE**
Ouers wat kwalifiseer vir afslag of vrystelling van skoolgeld, moet jaarliks skriftelik aansoek doen deur middel van ’n aansoekvorm wat beskikbaar is in kamer 1.

Die aansoeke open op 9 Januarie 2019 en sluit op 28 Februarie 2019.
Ouers moet asseblief kennis neem dat ons skool skoolgeld hef en invorder, en dat ons dus streng volgens die begroting funksioneer.

**6. SKOOLGELD 2018 EN EERSTE BETALING 2019**
Baie dankie aan die talle ouers wat 2018 se skoolgeld op datum afgesluit het. Ons doen ‘n beroep op ouers wie se skoolgeld agterstallig is, om hul plig na te kom en ‘n reëling te kom tref by die finansiële kantoor. Daar is talle ouers wat nog nie die eerste betaling van R2 000 betaal het nie. ‘n Beroep word op die ouers gedoen om dit sonder versuim te doen.

**7. NASKOOLSENTRUM**
Ouers word uitgenooi om gebruik te maak van die naskoolsentrum wat by die skool bedryf word.
Die naskoolsentrum maak van K30 en 31 gebruik. Die tye is soos volg:
- Maandae tot Vrydae – vanaf na-skool tot 18:00

Vir verdere inligting, kontak gerus vir Christelle Döhne by 082 785 9168 of e-pos “christelle3725@gmail.com”

**8. SKOOLURE**
Ter wille van alle nuwe ouers wil ons u graag inlig oor ons skoolure. Die skool begin om 07:30 in die oggend en sluit elke dag om 14:00.
Neem asseblief kennis dat die Seegerhek om 07:30 sluit. Indien u kind na 07:30 by die skool arriveer, moet hy/sy by die hoofhek ingaan.

**9. AFWESIGHEID VAN DETENSIE**
Indien ‘n leerder as gevolg van ‘n doktersafspraak of ‘n lisensie afspraak nie detensie kan bywoon nie, moet reëlings voor die dag van detensie met mev.Muller gemaak word. Indien die leerder versuim om dit te doen, sal hy/sy 50 strafpunte ontvang omdat detensie nie bygewoon is nie.

**10. SKOOLGRONDE**
Ons ontvang baie komplimente oor die netheid van ons skoolgronde. Ons wil mnr. Matthysen en sy werkers bedank en gelukwens met baie goeie werk!

**11. D6-CONNECT**
Slegs ‘n paar ouers het al op hierdie toepassing geregistreer. Ons moedig u aan om te registreer, aangesien al die probleme uitsorteer is. Maak asseblief seker dat u op die D6-Connect toepassing (swart agtergrond) registreer en nie die D6-Communicator nie. Kyk asb. in die dagboek op bl. 14 wat die prosedure is om die toepassing af te laai.

**12. VULLISSAKKE**
Ons het 30 micron vullissakke in kamer 1 beskikbaar teen R60 vir 40 sakke. Indien u hierdie prys met die in die handel vergelyk, sal u besef dat dit ‘n winskopie is. Oor die algemeen is die sakke

wat in die winkels beskikbaar is, 20 micron. Ons sakke is dus sterker, maar u kry dit teen ‘n goedkoper prys.
Maak gerus van hierdie aanbod gebruik, voordat al ons voorrad op is.

**13. DAGBOEK**

| | | |
|---|---|---|
| **Maandag**<br>**21 Januarie** | **Konsert** | Gr.8-konsert: 18:00 |
| **Dinsdag**<br>**22 Januarie** | **Tennis**<br>**Konsert** | Meisies: Liga<br>Gr.8-konsert: 18:00 |
| **Woensdag**<br>**23 Januarie** | **Konsert** | Gr.8-konsert: 18:00 |
| **Donderdag**<br>**24 Januarie** | **HPM**<br>**Konsert** | Graad 9: Afrikaans<br>Gr.8-konsert: 17:30 Gala-aand |
| **Vrydag**<br>**25 Januarie** | **Atletiek**<br>**Tennis** | UJ: Verpligtend vir graad 8<br>Seuns: Liga |

Vriendelike groete

**MARTIE HEYSTEK**
**SKOOLHOOF** **LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING**